

1 GEBED

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2 DEEL (20 minute)

[STILTETYE]
DANIËL 2, 3, 4 en 6

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Daniël 2, 3, 4 en 6). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3 MEMORISERING (5 minute) **[SLEUTELVERSE IN ROMEINE]** **(18) ROMEINE 13:8**

(18) Romeine 13:8. Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit.

4 ONDERRIG (85 minute) **[DIE GELYKENISSE VAN JESUS]** **DIE TIEN MEISIES**

**“Die gelykenis van die tien meisies” in Matteus 25:1-13 is ’n gelykenis oor
WAAKSAAMHEID IN DIE KONINKRYK VAN GOD.**

“’n Gelykenis” is ’n aardse verhaal met ’n hemelse betekenis. Dit is ’n lewensgetroue verhaal of ’n illustrasie wat ontwerp is om ’n geestelike waarheid te leer. Jesus het gebruik gemaak van die gewone dinge en alledaagse gebeurtenisse om lig te werp op die geheimenisse van die Koninkryk van God en om mense te konfronteer met die werklikhede van hul situasie en die noodsaak van hul verandering.

Ons bestudeer hierdie gelykenis m.b.v. die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse (Sien handleiding 9, supplement 1).

Daar is drie gelykenisse oor waaksaamheid in die koninkryk van God:

- die gelykenis van die tien meisies in Matteus 25:1-13
- die gelykenis van die vyeboom in Matteus 24:32-35
- en die gelykenis van die waaksame slaaf in Lukas 12:35-40.

A. DIE GELYKENIS VAN DIE TIEN MEISIES

Lees Matteus 25:1-13.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Inleiding. Die gelykenis word met figuurlike woorde vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en historiese feite van die agtergrond van die verhaal.

Bespreek. Wat is die lewensegte elemente van die verhaal?

Aantekeninge.

Die beeld is van ’n Joodse bruilof. In die Bybel is ’n bruilof ’n sosiale en geestelike fees. Bowendien was dit ’n openbare aangeleentheid. In die Bybel was om te trou nooit ’n geheime saak nie; dit was altyd ’n openbare gebeurtenis!

In vroeë tye was “die verowering van ’n vrou”, “die verlowing” of “gebooie loop” (amptelike kennisgewing van voorgenome huwelik)(Grieks: *mnésteuó*) ’n saak van die hele familie. Gebooie loop het die volgende ingesluit:

- die keuse van ’n huweliksmaat (Genesis 21:21)
- soms die gee van ’n kompensasië geskenk aan die familie van die bruid (vergelyk: lobola) (Genesis 29:18, 34:12)
- en die gee van geskenke aan die bruid en die bruidegom (Genesis 24:59,61, 1 Konings 9:16).

Die huweliksremonie was ’n openbare aangeleentheid. Dit het sommige van die volgende elemente ingesluit: die dra van feesklere (Psalm 45:13-14). Bruidmeisies en vriende van die bruidegom het die bruidspaar vergesel (Psalm 45:14, Johannes 3:29). Daar was ’n feestelike optog (Matteus 25:1-14) en ’n bruilofsfees wat ’n hele week kon aanhou

(Matteus 22:1-14, Johannes 2:1-10, Rigters 14:17). Die mees geweide onderdeel van die bruilof was die sluit van 'n huweliksverbond waarby God self Getuie is (Maleagi 2:14, Spreuke 2:17, Esegiël 16:8)! Deur die eeue heen het Christene hul huwelike in die openbaar: d.w.s., in die teenwoordigheid van God, hul families, vriende en Christen broers en susters ingeseën.

Alleen na die huweliksinsëning word huweliksgemeenskap voltrek (Genesis 29:21-23, Deuteronomium 22:13-21; Hebreërs 13:4).

Die tien meisies. Wie was hierdie tien meisies? Was hulle bruidsmeisies of dogters van familie en vriende van die bruid? Waar het die huweliksplegtigheid plaasgevind? Was dit by die huis van die bruid of die bruidegom? Waar was die meisies toe daar middernag 'n geroep geklink het dat die bruidegom in aantog was? Het hulle buite of nog binne in die huis gewag? Het hulle by die huis van die bruid of by die huis van die bruidegom gewag? Wat was hul funksie? Het hulle uitgegaan om die bruidegom en sy vriende tegemoet te gaan toe hulle die bruid van haar huis kom haal het om daarna in 'n stoet na die huis van die bruidegom te loop? Of was hulle by die huis van die bruidegom en alle gaste terwyl hulle gewag het op die koms van die bruidegom?

Die beste Griekse manuskripte van die Nuwe Testament sê niks oor die aanwesigheid van die bruid in die aankomende stoet nie. In hierdie Bybelgedeelte word die bruid nie eers genoem nie. Daarom is dit redelik om aan te neem dat die bruid al op die plek van die bruilofsfees aanwesig was. Sy was in die huis van haar vader of in die huis van die bruidegom. Omdat die laaste geval die gewoonte was, sal ons dit aanneem. Dus, die bruid, die genooide gaste en die tien meisies was by die huis van die bruidegom: die huis van sy ouers of sy eie nuwe woning. Alles was gereed, behalwe dat die bruidegom nog niet gearriveer het nie!

Hulle het hulle lampe gevat om die bruidegom te gaan inwag. Vers 1 is 'n samevatting, omdat die meisies eers in vers 10 uitgegaan het. Alhoewel die bedoeling was dat alle tien meisies die bruidegom tegemoet sou gaan, het in feite net vyf hom tegemoet gegaan, want die ander vyf het uitgegaan om olie te gaan koop.

Die lampe. Die lampe was meesal van klei gemaak – 'n soort van Aladdin lamp met 'n houër vir olie en drie gate bo-in: één om olie in te gooi, één om lug uit te laat en één vir die lampit. Wanneer sulke lampe in 'n optog gebruik word, word hulle in die lug omhoog gehou op stokke. Toe hulle die geroep gehoor het dat die bruidegom in aantog was, het hulle hul lampe aangesteek.

Die bruilof. Toe die stoet by die huis aangekom het, het almal ingegaan en is die deure gesluit! Op hierdie punt word die verhaal van die gelykenis ernstiger dan wat onder normale omstandighede die geval was. Toe die vyf dwase meisies te laat by die deur aangekom het, is hulle geweier om in te kom. In normale bruilofte sou hulle nie geweier word nie. Maar hierdie is 'n gelykenis met 'n ernstige boodskap! In die verhaal van die gelykenis word die deur onherroeplik gesluit! En die bruidegom het geweier om te erken dat hy hulle ken!

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Inleiding. Die verband van die “verhaal” van die gelykenis kan bestaan uit “die agtergrond” en “die uitleg of toepassing” van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* om die verhaal te vertel, of beskryf *die omstandighede* toe die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?
Aantekeninge.

(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Matteus 24:1-23.

Die aanleiding is dieselfde as in die vorige twee gelykenisse: die gelykenis van die vyeboom wat uitloop en die gelykenis van die troue en ontroue slaaf.

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Matteus 25:1-12.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Matteus 25:13.

Die belangrike boodskap van die gelykenis is om waaksaam te bly en voortdurend te waak. Waarom? Omdat niemand “die dag of die uur” van die wederkoms van Jesus Christus weet nie (Matteus 24:36,42-44,50)! Hy sal plotseling en volkome onverwags kom, “as 'n dief in die nag” (1 Tessalonisense 5:1-4).

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Inleiding. Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in 'n gelykenis noodsaaklik 'n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van 'n gelykenis versterk die sentrale punt, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van 'n gelykenis 'n geestelike betekenis toeskryf nie!

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?
Aantekeninge.

(1) Die gelykenis as 'n allegorie ('n simboliese verhaal) uitlê.

Hierdie gelykenis word ook verdraai en as 'n allegorie in plaas van 'n gelykenis uitgelê. Sommige verklaarders het wel ander waardevolle dinge geleer, maar tog hierdie gelykenis verkeerd uitgelê as 'n allegorie. Omdat hul uitleg nie gebaseer is op die konteks of die res van die Bybel nie, moet dit verwerp word. Byvoorbeeld:

Augustinus (354-430 n.C.) het hierdie gelykenis as volg uitgelê. Die getal “vyf” verteenwoordig die siel van die mens in die liggaam, omdat die siel vyf sintuie het. Die enigste manier om iets waar te neem is deur die vyf sintuie. Dus, as iemand homself weerhou om onwettige dinge te sien, hoor, ruik, smaak of aan te raak, dan word hy bestempel as “'n maagd”. Maar dit is nie voldoende om alleen 'n maagd te wees nie. 'n Maagd moet ook “'n lamp” hê wat 'n simbool is van haar *goeie werke*! Alhoewel die wyse en die dwase meisies almal 'n lamp gehad het, het alleen die wyse meisies “olie” saamgevat wat 'n simbool is vir *liefde*, omdat volgens 1 Korintiërs 13 die liefde die hoogste weg is.

Maarten Luther (1483-1546) het die gelykenis as volg uitgelê. Die vyf dwase meisies is afgewys (verwerp), nie omdat hulle nie gedien het nie, maar omdat hulle sonder “olie”, d.w.s., *sonder genade* God gedien het. Hulle het gedien op basis van hul eie middele en nie op basis van God se genade nie. Hulle het hul eie eer gesoek in plaas van God te verheerlik.

Richard C. Trench (1807-1886) het die gelykenis as volg uitgelê. “Die lamp” verteenwoordig wat alleen maar *uiterlik* in die lewe van 'n mens is, terwyl “die olie” alles wat *innerlike en geestelik* is, verteenwoordig. Op grond van wat die brief aan die Romeine onderrig, verteenwoordig die lamp daarom die werke van die wet en olie die geloof wat regverdig. Maar op grond van wat die brief van Jakobus onderrig, verteenwoordig die lamp die uiterlike belydenis van geloof en “die olie” die werke wat op grond van die ware geloof gedoen word.

Al hierdie allegoriese interpretasies moet verwerp word.

(2) Die details wat relevant is of nie relevant is nie.

Die tien meisies. Die tien meisies is relevant omdat Jesus hulle met die koninkryk van God vergelyk! Die vyf wyse meisies verteenwoordig ware Christene, terwyl die vyf dwase meisies naamchristene verteenwoordig. Alle tien meisies is nog in die teenswoordige Gemeente/Kerk met mekaar vermeng. Terwyl die dwase meisies hul nie gereed gemaak het en nie gewaak het nie, het die wyse meisies hulself voorberei op die koms van die bruidegom, dit wil sê, op die wederkoms van die Here Jesus Christus! Die getal “tien” verteenwoordig 'n volledige getal op hierdie aarde, maar omdat Jesus daar geen spesiale betekenis aan gee nie, kan dit nie verwys na alle Christene op die aarde nie.

Die lampe. Jesus gee aan die lampe geen spesiale betekenis nie.

Die olie. Jesus gee geen spesiale betekenis aan die olie nie. Ons moet ook nie oor die betekenis van die olie spekuleer nie. Olie is gebruik om profete, priesters en konings te salf en ook as 'n geneesmiddel om wonde te versag.

As die olie 'n simboliese betekenis sou hê, sou dit volgens Jesaja 61:1 kon wys op die salwing met die Heilige Gees. Deur die Heilige Gees word (wedergebore) Christene verander en gereedgemaak om die Bruidegom, Jesus Christus by sy wederkoms te verwelkom. Naam-Christene en nie-Christene sal hul nie voorberei vir die wederkoms van Christus nie (Sagaria 4:1-6; Johannes 3:3,5; 2 Tessalonisense 2:13).

Die vyf dwase en die vyf wyse meisies. Dit is wel 'n relevante detail. Al die meisies het geweet dat die bruidegom daardie nag sou kom. Alleen het hulle nie geweet presies wanneer nie. Al die meisies het lampe gehad en het uitgesien na die bruilofsfees. Al die meisies het binne in die huis gewag waar lampe al gebrand het. Al die meisies het slaperig geword en aan die slaap geval. Die belangrikste verskil was dat alleen die vyf meisies wat wys was, hul goed voorberei het. Hulle was voorbereid op die plotselinge en onverwagte koms van die bruidegom, want hulle het olie vir hul lampe saamgevat. Die vyf dwase meisies was heeltemal onvoorbereid en het geen olie saamgevat nie! Hulle het nie vooruit nagedink nie. Hulle versuim was dom, kortsigtig en onvergeeflik!

Hulle het almal slaperig geword en aan die slaap geval. Dit is duidelik dat die meisies in die huis en nie êrens buite langs die pad aan die slaap geval het nie, omdat hulle eers buitentoe gegaan het toe daar 'n geroep was dat die bruidegom in aantog was. Die vyf wyse meisies het die bruidegom tegemoet geloop om hom te verwelkom, maar die vyf dwase meisies het op pad gegaan om êrens olie te koop.

Dit is verleidelik om die verhaal as 'n allegorie uit te lê en te sê dat dit 'n verwysing is na die verslapping en verswakking van die Christelike Gemeente/Kerk. Maar Jesus het hieraan geen spesiale betekenis gegee nie. Bowendien wys die uitleg of toepassing aan die einde van die gelykenis in 'n heel ander rigting: nie na die verslapping van Christene nie, maar na die voorbereiding van Christene op die wederkoms van Christus. Ook die wyse meisies het aan die slaap geval. Maar hulle kon dit sonder vrees (angs) doen, omdat hulle voorbereid was! Die vyf dwase meisies het 'n valse sorgeloosheid gehad. Hulle het gedink dat hulle al genoeg vir hul siel gedoen het of dat die wederkoms nog baie ver weg was, of dat daar genoeg tyd was om te verander (sig te bekeer) en hul verlore kans in die lewe te herstel. Erg dwaas!

In die middel van die nag was daar 'n geroep: “Hier kom die bruidegom! Gaan hom tegemoet!” Die geroep het almal wakker geskud! Jesus sê nie wie geroep het nie. Dit kon iemand gewees het wat nog wakker was in die huis 'n vriend van die bruidegom wat hom vergesel het. Nietemin, dit lyk asof die bruidegom nog 'n end van die huis was,

omdat die meisies eers de pit van hul lamp moes kort sny, olie ingooi, lampe aansteek en dan 'n end in die donker die bruidegom tegemoet moes loop. Dit is relevant in soverre die wederkoms van Christus nog 'n tyd op sig laat wag. Dit is ook relevant in soverre die wederkoms volkome plotseling en onverwags sal plaasvind!

Die wyse meisies het hulle lampe gereedgemaak, maar die dwase meisies het ontdek dat hulle glad nie voorbereid was nie. Hierdie detail word nie uitgelê nie, maar versterk die sentrale gedagte (hoofgedagte of les) dat 'n mens heeltemal voorbereid moet wees op die wederkoms van Christus! 'n Droë lampfit kan net effens brand, maar sonder olie flikker dit en gaan uit. Op hierdie punt het die dwase meisies ontdek dat hulle geen olie saamgevat het nie. Hulle was heeltemal onvoorbereid en die wyse meisies gesmeek om 'n deel van hul olie aan hulle te gee.

Die wyse meisies het geweier om van hul olie aan die dwase meisies te gee. Hierdie detail word nie verklaar nie, maar versterk die sentrale gedagte van die gelykenis. Die wyse meisies was nie hardvogtig nie, maar het al hul olie nodig gehad vir hul eie lampe. 'n Optog van 'n bruilof het oor 'n lang afstand gegaan en het langsaam verloop, omdat die paaie rof en donker was. Die taak van die meisies was om die bruidegom te verwelkom en terug na die huis te begelei met lampe wat helder brand! Hul weiering was baie redelik. Dit bewys dat die wyse meisies vooruit nagedink het en hul goed vir hul taak voorberei het. Die dwase meisies moes ontdek dat alle marke en plekke om olie te koop in die middel van die nag toe was. Vir hulle was dit te laat om hulself voor te berei!

Toe het die bruidegom gekom. Dié wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof toe. Matteus 25:6 sê: “In die middel van die nag was daar 'n geroep: Hier kom die bruidegom. Gaan hom tegemoet” (Grieks: idou ho numfios, exerchesthe eis apantésin autou). Vers 10 sê: “Terwyl die onverstandiges olie gaan koop het, het die bruidegom gekom. Dié wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof toe, en die deur is gesluit.” Die woorde: “eis apantésin” verwys na die wederkoms van Jesus Christus wat plotseling en onverwags kom en na mense wat hom tegemoet gaan en ander wat nie deelneem aan hierdie ontmoeting (sien Matteus 24:40-41) en ook nie aan die bruilofsfees nie.

Die woorde “eis apantésin” word in Handelinge 28:15 gebruik van die gelowiges wat van Rome uitgegaan het om Paulus te ontmoet en te verwelkom voordat hulle almal na Rome teruggekeer het.

Die woorde “eis apantesin” word in 1 Tessaloniense 4:16-17 gebruik van die gelowiges wat van die ou aarde weggeruk (weggevoer, opgeneem) (Grieks: harpazó) word om Jesus by sy wederkoms in die wolke te ontmoet, te verwelkom, te bewonder (2 Tessaloniense 1:7-10) en op hierdie enigste oordeelsdag geoordeel te word (Matteus 25:31-33), tegelyk met die oordeel van die ou aarde (Matteus 24:29-31; Romeine 8:19-23; 2 Petrus 3:10-13; sien Openbaring 6:12-17; 16:17-21; 20:11) voordat hulle saam met Christus (as die Nuwe Jerusalem) neerdaal op die nuwe aarde (Openbaring 21:1-2) om vir ewig saam met Christus te lewe (1 Tessaloniense 4:18; 5:10; Openbaring 21:3-5)!

Die deur is gesluit. Dit het alleen in hierdie gelykenis gebeur, omdat tydens 'n aardse bruilof die bruilofsgaste nooit buite gesluit word nie! Die deur is nog oop en daar is nou nog geleentheid om hom te bekeer en in die koninkryk van God in te gaan!

Maar hierdie gelykenis gaan oor die hemelse Bruidegom en sy wederkoms! Die deur van die koninkryk van God word wel gesluit en nie meer oopgemaak nie! Dit is 'n relevante detail! Daar kom 'n tyd wat die deur van die koninkryk definitief gesluit word!

Voor die wederkoms van Christus bly die deur van die koninkryk van God dag en nag oop (Johannes 10:7-9)! Dit is nou nog steeds genadetyd! Die mense in die wêreld word geroep om hul gereed te maak om die Bruidegom, Jesus Christus, te ontmoet, d.w.s., hul te bekeer en in Jesus Christus te glo (Markus 1:15; Lukas 4:18-19; 13:1-5; 2 Korintiërs 6:1-2).

Maar by die wederkoms van Jesus Christus sal daar geen geleentheid meer wees om sig te bekeer en gered (verlos) te word nie (Jesaja 61:2ab)! Op die laaste oordeelsdag sal Jesus Christus elke mens wat hom nie bekeer het nie, buite sluit. Aan hulle sal Hy sê: “Ek ken julle nie!” dit wil sê, “Ek herken julle nie as mense wat Ek graag My eie noem nie” (1 Korintiërs 8:3; 2 Timoteüs 2:19)! Nadat die deur gesluit is, word die bruilof van die Lam gevier. Met die neerdaling van die Nuwe Jerusalem as die Bruid/vrou van die Lam word die bruilof van die Lam gevier (Openbaring 19:5-9; 21:1-2,9-10).

Na die wederkoms sal die poorte van die Nuwe Jerusalem op die nuwe aarde (die koninkryk van God in sy definitiewe fase) nooit gesluit word nie. Die gelowiges in Jesus Christus uit alle nasies sal hul heerlijkheid en eer daarin bring (Openbaring 21:24-27).

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Inleiding. Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uittê of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uittê. 'n *Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les.* Daarom moet ons nie probeer om 'n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van 'n gelykenis.

Besprek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

Die gelykenis van die tien meisies in Matteus 25:1-13 is 'n gelykenis oor waaksaamheid in die koninkryk van God.

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “Christene moet hul voorberei op die wederkoms van Jesus Christus en voortdurend waaksaam en gereed bly met betrekking tot die wederkoms van Christus. Hy sal vir almal plotseling en onverwags terugkom! Die deur sal gesluit word en nie meer oopgemaak word nie! Daar sal geen tweede kans wees om sig te bekeer nie!”

Die nadruk lê nie op die moment wat iemand hom tot Jesus Christus bekeer nie, maar op die moment wat Jesus Christus terugkom. Die moment van die laaste en finale koms van God in die menslike geskiedenis op hierdie aarde sal baie plotseling en onverwags wees! Die finale oproep (Matteüs 24:31; 1 Tessalonisense 4:16), die finale oes (Openbaring 14:15-16) en die finale oordeelsdag (Openbaring 14:18-19) sal vir almal plotseling en onverwags wees!

Alleen die mense wat toegewy aan Jesus lewe, sal saam met Jesus Christus in die koninkryk van God in sy definitiewe fase as “die nuwe hemel en die nuwe aarde” ingaan! Die mense wat onvoorbereid is, d.w.s., wat hul hart en lewe nie aan Jesus Christus oorgegee het nie, sal buite gesluit word.

Waaksaamheid en voorbereiding is twee van die fundamentele kenmerke van die koninkryk van God. Die ware burgers in God se koninkryk is goed voorbereid op die wederkoms van Jesus Christus. Hulle is nie passief en selfvoldaan nie. Hulle stel nie uit om voorbereidinge te tref nie. Die eerste stap van voorbereiding is om Jesus Christus as Verlosser en Heer van jou lewe aan te neem (Johannes 1:12-13). Daarna behoort Christene voortdurend te waak en gereed te wees om Jesus Christus by sy wederkoms sigbaar te ontmoet, te verwelkom en te bewonder. Die burgers in God se koninkryk weet dat as Jesus Christus eenmaal gekom het, die deur van genade wat toegang tot die koninkryk van God gee, onherroeplik gesluit word! 'n Christen is eers voorbereid wanneer hy elke moment gereed is om Jesus Christus te ontmoet, wanneer hy hom nie skaam vir sy gedrag in die teenswoordige tyd nie en wanneer hy nie met leë hande staan by sy wederkoms nie.

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Inleiding. Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van 'n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.

Ontdek en bespreek. Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?

Aantekeninge.

Lukas 13:22-30. Jesus spoor alle mense aan om hul van kwaad af te keer en Hom as Verlosser en Here aan te neem. Hulle moet al hul kragte inspan om by die smal deur van die koninkryk van God in te gaan. Hulle moet teen die sondige natuur in hulle, die sondige wêreld rondom hulle en die satan bo hulle stryd voer. Hulle moet ook teen selfgenoegsaamheid, uitstel en nalatigheid stry. Elkeen wat in gehoorsaamheid aan die opdrag van Jesus Christus stry, sal beslis God se koninkryk ingaan! Verlossing is egter nie die produk van menslike inspanning nie, maar van God wat aan mense genade gee om sy wil te doen (Efesiërs 2:8-9; Filippense 2:12-13).

Matteüs 7:21-23; 8:11-12; 2 Timoteüs 2:19. Jesus waarsku mense dat aansluiting by 'n christelike gemeente en deelname aan aktiwiteite geen garansie is dat hulle in die koninkryk van God ingaan nie. Wat belangrik is, is nie wat die Christen vir Christus gedoen het nie, maar wat Jesus Christus vir die Christen gedoen het, dat hy wedergebore is en dat Jesus Christus hom erken as sy kind.

B. DIE GELYKENIS VAN DIE VYEBOOM

Lees Matteus 24:32-35. Sien supplement 16.

C. DIE GELYKENIS VAN DIE WAAKSAME SLAWE

Lees Lukas 12:35-40. Sien supplement 16.

D. 'N SAMEVATTING VAN DIE BELANGRIKE BOODSKAPPE OF LESSE VAN DIE GELYKENISSE OOR WAAKSAAMHEID IN DIE KONINKRYK VAN GOD.

Bespreek. Wat leer Jesus Christus wat Christene moet *weet, glo, wees en doen*?

Aantekeninge.

(1) Alle mense moet weet hoe God of Jesus Christus is.

Die wederkoms van Jesus Christus sal plotseling en onverwags gebeur. Die profesieë oor alles wat daar sou gebeur tussen die eerste koms van Jesus Christus en sy wederkoms sal seker gebeur en is al tot 'n groot mate gebeur! Hierdie feit behoort Christene aan te moedig om waaksaam en voorbereid te wees op die wederkoms van Jesus Christus!

(2) Christene moet weet hoe hulle behoort te wees.

Christene behoort voortdurend voorbereid en gereed te wees om Jesus Christus by sy wederkoms te verwelkom. Hy sal plotseling en baie onverwags kom! Alleen die mense wat hul aan Jesus Christus toegewy het, sal die koninkryk van God in sy definitiewe fase as nuwe hemel en nuwe aarde beërwe! Die mense wat nie voorbereid is nie, d.w.s., wat hul nie bekeer het nie en ook nie waaksaam is nie, sal buitengesluit word!

(3) Ware Christene en naam-Christene is gelyk en verskillend.

Alle mense wat bely dat hulle in Jesus Christus glo, het ooreenkomste. Albei is op pad om die Bruidegom, Jesus Christus, te ontmoet.

Maar alleen sommige Christene is wys! Hulle het hul afgekeer van hul ou lewe en hul tot Jesus Christus bekeer. Hulle glo in Jesus Christus as hul persoonlike Verlosser en Heer (Koning). Hulle is oortuig dat hulle voorbereid op die wederkoms van Christus moet wees deur te volhard om in Jesus Christus te glo en Hom gehoorsaam te wees.

Ander mense wat hulself “Christene” noem is dwaas. Hulle is nie regtig Christene nie. Alhoewel hulle deelneem aan allerlei christelike aktiwiteite, kan hulle tog buite die koninkryk van God gesluit word. Hoekom? Omdat Jesus Christus in Matteüs 7:21-23 teen hulle sê, “Ek ken julle nie!” Wat belangrik is, is nie dat jy gedoop is nie, aan die Nagmaal (of die mis) deelneem, deelneem aan christelike aktiwiteite, maar dat Jesus Christus jou persoonlik ken (sien Johannes 10:27-28) en dat Hy jou geroep het om Hom as sy dissipel te volg (sien Lukas 9:57-62)!

By sy wederkoms sal Jesus Christus alle mense wat hul nie bekeer het nie (en dus nie in Hom glo nie), buite die koninkryk sluit. Hy sê, “Moenie verbaas wees dat Ek vir jou gesê het: julle moet opnuut gebore word nie” (Johannes 3:7; sien Johannes 1:12-13; 3:3,5,16,18,36). Hy sal hulle nie erken as sy mense nie. Sulke mense kan “die uiterlike skyn van die godsdiens hê, maar die krag van die godsdiens sal hulle nie ken nie” (2 Timoteüs 3:5). Hulle is onvoorbereid op pad na die toekoms waar hulle voor die Regter moet verskyn!

(4) Daar is 'n lang periode tussen die eerste koms van Christus en sy wederkoms.

Alhoewel sommige Christene deur die eeue “die onverwagte en plotselinge wederkoms van Jesus Christus” verwag het, het Jesus Christus self gesê dat daar 'n lang periode voor sy wederkoms lê! Gedurende hierdie lang periode moet die evangelie van die Koninkryk van God aan alle volke op die aarde verkondig word (Matteus 24:14), sal daar nog baie vervolgings teen Christene kom (Matteus 24:9), moet Christene hul deur God gegewe talente gebruik om God se koninkryk te verbrei (Matteus 25:16,19) en moet hulle dissipels van Jesus Christus in alle volke op aarde maak (Matteus 28:18-20)!

(5) Die wederkoms van Christus sal plotseling, onverwags, sigbaar en hoorbaar wees.

Daar sal beslis geen twee wederkomste van Jesus Christus wees nie (die eerste sogenaamde “opname van die Gemeente” vóór/in die middel/aan die einde van die Groot Verdrukking en die tweede sogenaamde “openbaring of verskyning van Christus” na die Groot verdrukking). Daar sal geen geheime (onsigbare en onhoorbare) wederkoms van Christus wees nie! Alhoewel die een en enigste wederkoms van Jesus Christus plotseling en baie onverwags sal plaasvind (Lukas 12:40; 1 Tessalonisense 5:1-4; 2 Petrus 3:10; Openbaring 3:3; 16:15), sal dit sigbaar en hoorbaar vir alle mense in die skepping wees (Matteus 24:30-31; 25:6; 26:64; 1 Tessalonisense 4:16; Openbaring 1:7)!

(6) Voorbereiding kan nie van een mens na 'n ander mens oorgedra word nie.

Die wyse meisies kan hul voorbereidings nie oordra aan die dwase meisies nie. Elke mens is persoonlik verantwoordelik vir sy eie sonde (Jeremia 31:29-30; Esegïël hoofstuk 18) en sal persoonlik verantwoording aan Jesus Christus moet aflê. Elke mens is verantwoordelik om hom te bekeer en die evangelie te glo (Markus 1:15; Lukas 13:1-5). Selfs mense wat die evangelie nie eerder of nog nie duidelik gehoor het nie, bly verantwoordelik vir hul reaksie op God se woorde wat wel aan hulle geopenbaar is deur middel van die skepping (Romeine 1:19-20) en in hul hart en gewete (Romeine 2:14-16)! Samevattend bly elke mens verantwoordelik vir sy voorbereiding op die wederkoms van Jesus Christus (Matteus 25:7-9; Psalm 49:7; Spreuke 9:12).

(7) Daar sal nie 'n tweede kans kom om gered te word nie.

Vir mense wat hul nie voorberei nie, d.w.s., wat nie gered is vóór die wederkoms van Jesus Christus nie, kom daar nooit weer 'n geleentheid (kans) om gered te word nie, ook nie by die wederkoms of ná die wederkoms nie (Matteus 25:10-12; 10:32-33; 24:37-42; 25:34-46; 2 Korintiërs 5:9-10; Galasiërs 6:7-8; 2 Tessalonisense 1:8-9). (1 Petrus 3:18-22 slaan op die hemelvaart van Jesus Christus en NIE op sy afdaal na die doderyk nie)!

(8) Waaksaamheid en voorbereid wees word van alle Christene vereis.

Omdat die dag of uur van die wederkoms van Jesus Christus (of die dag wat 'n mens sterf en Jesus moet ontmoet) onbekend is, moet alle Christene die hele tyd voorbereid en waaksaam bly (Matteus 25:13; Spreuke 27:1; 2 Korintiërs 6:2; 2 Petrus 1:5-11).

5	GEBED (8 minute)	[REAKSIES] GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
----------	-------------------------	---

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die gelykenis van “die tien meisies” saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **Daniël 7, 8, 9 en 12**. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. **(19) Romeine 13:14**. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. **Romeine 15:1-33**. Maak gebruik van die vyf stappe-metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.